

**Saterdag 7 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 15; Hebreërs 5**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 15:23;  
Hebreërs 5:8; Heidelbergse  
Kategismus 35:96**

## Onsigbare afgode

Afgodery neem gewoonlik twee vorme aan. Die een vorm is sigbaar – waar iemand God fisies probeer afbeeld. Die tweede tipe afgodery is *onsigbaar*. Tog bly dit nie te lank onsigbaar nie ...

Ons sien dit in 1 Samuel 15. Saul doen anders as wat God hom beveel het. Dit is wat onsigbare afgodery is – om God anders te vereer as wat Hy (in sy Woord) beveel. God duld nie wederstrewigheid en eiesinnigheid nie. Saul luister eerder na die “ek-ek”. Die gevolg daarvan? God het hom as koning verwerp.

Ons moet raaksien dat Samuel nie hierdie onsigbare afgodery in die hart van die hei-dense Agag opmerk nie, maar wel in die hart van die koning van Israel. Ons vind onsigbare afgodery reg in die middel van die kerk – dit broei in die harte van “kerkmense”! Dié wat duidelik God se Woord hoor, maar nie daarna luister nie – dit is hulle wat skuldig is aan afgodery. Ons kan ons byvoorbeeld in die erediens goed besig hou met growwe afgodery as ons God nie vereer soos wat Hy beveel nie. Gehoorsaamheid aan die Here se stem moet vir ons eerste prioriteit wees.

In Saul sien ons die teenbeeld van Christus. Jesus het die Vader presies vereer soos Hy beveel. In al sy lyding op aarde het Hy geleer om gehoorsaam te wees. By Hom was geen wederstrewigheid of eiesinnigheid nie – selfs nie aan die kruis nie.

Laat ons weer die donker hoekies van ons hart deursoek vir die gevaaarlike, onsigbare afgode. Laat ons weer as konings gehoorsaamheid aan God se Woord eerste prioriteit maak – soos ons Here Jesus Christus.

*Sing: Psalm 84-1:6*

*Ds. GM (Marnix) Boersema (Graaff-Reinet)*